DIE TAAK VAN DIE KERK IN SUID-AFRIKA VANDAG

deur Prof W D Jonker, Stellenbosch

Laat ons vir 'n oomblik vra wat die taak van die kerk in elke tyd en op enige plek in die wêreld volgens die Woord van God is. Dan kan ons waarskynlik geen beter samevatting daarvoor vind as in Mt 5:13-16 nie. Hier word die dissipels die sout van die aarde en die lig van die wêreld genoem, en word hulle daartoe opgeroep om presies dit in die wêreld te wees, sodat die wêreld daartoe gebring kan word om hulle Vader wat in die hemel is, te verheerlik. Daaroor wil ek graag 'n paar opmerkinge maak en u vra om dit baie konkreet op ons taak in die huidige situasie in ons land toe te pas.

1. Die eerste wat gesê moet word, is dat die toets vir dissipelskap daarin bestaan of dit effek in die wêreld het. Dit gaan in Christenskap nie net daarom om in die hemel te kom nie. Christene kan hulle nie met hulle boekie in 'n hoekie terugtrek en mekaar daar warm broei met allerlei wonderlike geestelike ervarings nie. Christene, die kerk, is geroep om in die wêreld 'n mag ten goede te wees, 'n faktor wat bederf weer (soos sout) en wat die duisternis van sonde, onkunde en verwarring moet verdryf (soos lig). En dit moet die kerk met woord en daad op sodanige wyse wees, dat die mense dit kan sien, tot hulle eie heil en tot die verheerliking van God. Dit moet verskil in die wêreld maak dat daar 'n kerk is.

Die vraag is natuurlik: Het ons dit al ooit in die geskiedenis gesien? En dan moet ons erken: Nie te dikwels nie. Alte dikwels was die kerk geen faktor in die duisternis van die nasies in hulle onderlinge vetes en twis met mekaar nie. In die verskriklike oorloë wat die wêreld geteister het, het Christelike oorwegings meestal geen rol gespeel nie, maar nasionale gevoelens en belange, ekonomiese oorwegings, grypsug, hebsug en magswellus, en die kerke was dikwels weinig meer as instansies wat die nasionale gevoelens ondersteun het en die oorloë heilig verklaar het en die wapens gesegën het. Die kerk het 'n slegte trek-rekord.

Maar wat is die gevolg daarvan? Die Bybel sê dit en die ervaring bevestig dit: dan word die kerk irrelevant. Dit deug vir niks meer nie, sê Jesus, as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie. Die kerk in die Weste is vandag in baie opsigte magteloos en betekenisloos, en een van die redes daarvoor is dat die kerk nie genoegsaam in die samelewing 'n soutende sout en 'n ligtende lig was nie. Die oordeel van God gaan oor die Weste heen. En soos Islam die eens bloeiende kerk in Noord-Afrika oorstroom en feitlik uitgewis het, so kan dit gebeur dat die ateïsme en die heidense godsdienste ook die sg Christelike Weste kan

oorstroom, dat die kerk se kandelaar van sy plek verwyder kan word soos Openb 2:5 dit as waarskuwing aan die gemeente van Efese voorhou.

En dit kan ook met die kerk in ons land gebeur, met name ook met die NGK en die NG familie van kerke. As dit uiteindelik blyk dat wat ons beheers, nie die Gees van God is nie, maar die gees van die wêreld; as dit blyk dat ons eie-belang, ons nasionale sentimente, ons aardse wense en begeertes ons eintlike bewegende motief is, dan kan ons nie die rol speel wat die kerk in hierdie tyd behoort te speel nie. 'n Mens vra jouself af of die kerk in hierdie krisis-tyd nog werklik 'n rol het om in ons land te speel, en of die uitkoms van die krisis waarin ons land verkeer, uiteindelik nie maar deur politieke kragte en ekonomiese werklikhede beslis gaan word nie. Die kerk staan in ons tyd voor 'n geweldige uitdaging om op sodanige wyse kerk te wees, dat iets van die sout en die lig van die evangelie in ons situasie ingedra kan word.

2. Die kerk kan hierdie invloed alleen hê as die kerk werklik in die wêreld een groot passie het, en dit is dat die Vader in die hemel verheerlik moet word. Die kerk is nie 'n magsinstansie wat vir homself werk of self mag of invloed probeer verkry nie. Die kerk moet heeltemal na buite gerig wees, en om dit nog duideliker te sê: koninkryk-gerig. Dit moet vir die kerk in die eerste instansie om God, sy Woord en sy wil, sy saak en sy verheerliking gaan. Die hoogste lojaliteit van die kerk moet teenoor God wees. Hierdie gedeelte moet saam met die hele Bergrede gelees word, veral ook saam met die gedeelte wat sê dat die dissipels vry mense moet wees, vry van aardse sorge en vry van die grypsug en die hebsug wat alle mense altyd weer beheers. Die dissipels is mense wat verstaan dat 'n mens nie twee here kan dien nie: God en mammon. Daarom moet die kerk bo alles die koninkryk van God en die wil van God soek (6:33) - wetende dat alle ander dinge vir hulle daarby gevoeg sal word.

Dit bring mee dat die kinders van die koninkryk 'n bepaalde lewenshouding en lewenstyl het: die wegwys van die self, die verloëning van die self, selfs die doding van die self - om Christus onvoorwaardelik te volg. Jesus het oor en oor gesê hoe Hy gevolg moet word, en dit gaan deurgaans daaroor dat 'n mens jouself moet kruisig en dat jy Christus hoër moet ag as vader of moeder, en dat jy heeltemal vry moet word juis van diè dinge wat vir die meeste mense eenvoudig hulle hele lewe is. Want eers as 'n mens vry word, kan jy beskikbaar word vir wat reg is, sonder aansien van die persoon, en juis daarin beskikbaar word vir andere, soos Jesus beskikbaar was vir die wil van sy Vader en juis daarom ook vir andere en vir die mensheid as geheel in sy verlorenheid. Jesus maak sy dissipels vry tot die lewenstyl van geregtigheid, liefde, eerlikheid en onselfsugtigheid waarvan hierdie volgende hoofstukke van die bergrede praat. Dit is heeltemal verkeerd

om te dink dat lojaliteit aan God ons losmaak van die mense. Die omgekeerde is waar: slegs vanuit die absolute lojaliteit teenoor God en Christus kan ons vir medemense 'n egte medemens wees, en kan ons die egte Christelike waardes uitleef.

Om die rede merk die kerk belang stel in mense en hulle welsyn, omdat dit die wil van God en die styl van Gods koninkryk is. Om die rede stry die kerk teen alles wat onreg is en alles wat mense laat ly en hulle verneder en vernietig, omdat God se heerskappy 'n heerskappy is waarin Hy aan die mense vryheid, vreugde en verlossing wil gee. Jesus was die koninkryk van God in persoon. Soos Hy liefhet, moet ons ook liefhê. Dit is die manier waarop ons die sout en die lig van die wêreld moet wees, om soos Jesus te wees. Die kerk is nie 'n blote humanitêre organisasie nie; dit is 'n koninkryks-organisasie, maar juis daarom gerig op die doen van die wil van God in die verhoudinge waarin mense saam lewe. Ons liefde vir God moet konkrete gestalte aanneem in ons liefde vir mense, soos dit die geval met Jesus was wat die liefdevolle hart van die Vader kom openbaar het.

Die Christendom, die kerk staan vir bepaalde uitgesproke waardes: eerlikheid, onselfsugtigheid, liefde, reinheid wat noodwendig ook beteken: die ruimte vir mense om as mense wat deur God gemaak is, te ontplooi en tot hulle reg te kom. En die kerk het daarom nie net 'n plig op die individuele terrein om mense op te roep om self hulle saak met God reg te maak nie, maar die kerk het ook 'n plig om op die terreine van die maatskaplike en politieke lewe te getuig vir reg en vryheid en eerlikheid en medemenslikheid. In die begrip liefde is ongeveer alles ingesluit wat ons mekaar behoort te gun en te skenk, toe te wens en te help verwerklik. Dit het geweldige politieke en maatskaplike konsekwensies, spesifiek ook wat die vrede.

3. Maar as die kerk vir bepaalde waardes in die samelewing staan, dan is die kerk verplig om haarfyn te onderskei waar daardie waardes in ons samelewing bedreig of geminag of geskend word. Die kerk moet die landsituasie ontleed in 'n geestelike en morele sin en die ontleedmes insteek tot op die geestelike kern van die situasie. Die kerk moet in sy profetiese getuienis soos die profete van die Ou Testament onbevrees sê waar die kwaad lê, ook al is dit onpopulêr. Die kerk moet onbevrees vir die reg en teen alle onreg getuig, anders is die kerk nie meer die sout van die aarde en die lig van die wêreld nie.

Dit is verskriklik moeilik. Ons kan so moeilik objektief na die dinge kyk. Ons het almal, behalwe ons lojaliteit teenoor God en sy wil, ook nog ons sentimente en lojaliteite teenoor ons groepe en ons belange. Dit is veral vir Christene en vir die kerk baie moeilik om politiek onpartydig te wees in die ware sin van die woord. So het dit altyd weer in die

geskiedenis gebeur dat die kerk partydig was vir die eie volk en sy saak. Daarvan getuig die talle plakkate en gedenktekens in Europese kerke wat hulle nasionale belange gesteun het, reg of verkeerd. Maar dit sal die kerk moet deurbreek en ons sal alleen die sout van die aarde kan wees en die lig van die wêreld as ons onsself nie politiek so vereenselwig met 'n bepaalde belangegroep in die samelewing nie, maar onafhanklik, vry en ongekompromitteerd aan die kant van die reg kan gaan staan.

Dit is wat Michael Cassidy noem om op koninkryksgrond te staan. Dit kan beteken dat ons soms dinge sê wat vir party mense links lyk, en dan weer dinge wat vir ander mense regs lyk, maar die kriterium sal deurgaans moet wees of ons getrou is aan wat reg is, wat regverdig is, wat liefdevol is, wat eerlik is, wat rein is. Die kerk kan bv nie agter 'n bepaalde politieke beleid en program inklim, asof dit saamval met die koninkryk nie, want dan kan die kerk nie meer objektief en krities genoeg daarteenoor staan nie. Die kerk kyk dan net na die mooi ideale wat deur die bepaalde program vooropgestel word, en hy is geneig om die onreg wat daardeur gepleeg word, as noodsaaklike newe-produkte van die realisering van die groot ideaal te sien. In die proses gebeur dit dat die kerk nie meer krities genoeg is nie en in werklikheid ook die verkeerde onbedoeld sanksioneer. As dit ooit nodig was om dit te onthou, dan juis nou, waar dit vir verskillende politieke rigtings in ons land belangrik is om die steun van die kerk te probeer verkry. Die kerk moet egter absoluut daarna strewe om onafhanklik te bly.

Apartheid as voor-beeld

4. Vanuit hierdie posisie van onafhanklikheid teenoor almal, of soos Paulus sê: vryheid van almal en daarom diensbaarheid teenoor almal (1 Kor 9:19 e.v.), kan die kerk sy egte taak in die samelewing verrig.

4.1. Die eerste taak van die kerk is die diens van die gebed. Wie anders sal dit doen as die kerk dit nie doen nie? As die kerk hierdie taak verwaarloos, dan verwaarloos hy 'n definitiewe opdrag wat God aan sy kerk gegee het (1 Tm 2). Die magte van die bose konsentreer in 'n besondere sin op die maatskaplike en politieke strukture en omstandighede. Dit hang daarmee saam dat die politieke bewegings en strukture so 'n groot invloed op die lewens van miljoene mense het. Daar is 'n sin waarin ons kan sê dat die geskiedenis van die wêreld deur die politiek bepaal word. Daarom mag ons nie ons roeping versaak om voortdurend teen die invloed van demoniese magte op politieke in te bid, en by God te pleit om ons daarvan te bewaar nie. Dit is immers ook waar dat die wêreldgeskiedenis in 'n bepaalde sin ook deur die gebede van Gods kinders bepaal word. Ook in ons land moet die worstelstryd teen die Bose op ons knieë gestry word, anders sien ek geen lig vir die toekoms nie.

Die probleme waarvoor ons staan, gaan die verstand van die slimste politikus te bowe. By ons is al die materiaal teenwoordig om 'n geweldige ontploffing en 'n katastrofe te veroorsaak. Lank gevestigde en diep-gewortelde nasionale gevoelens by die verskillende groepe staan teenoor mekaar. Die drang tot vryheid en selfbeskikking is by al die groepe en volkere aanwesig. Die oorheersing van die een groep deur die ander is vir almal onaanvaarbaar. Maar hoe moet 'n politieke oplossing gevind word wat al die frustrasies, vrese, agterdog kan besweer sonder verontregting van enige groep? Kulturele, mentaliteits- en ander verskille staan tussen die verskillende komponente van ons landsbevolking. Eeue-oue gevoelens van afkeer en wrok en die onvermoë om mekaar werklik te kan aanvaar, staan soos 'n muur van skeiding tussen ons. Selfs al sou daar geen wette wees wat apartheid afgedwing het nie, sou daar altyd nog in ons land genoeg diskriminasie, rassisme en allerlei soorte botsings en onaanpasbaarheid voorgekom het. Dit ontlui ons, deur apartheid vererger. Die ongelykhaid en verontregtinge bring wrale, wat die Dit is begryplik dat daar by die Blankes 'n gevoel van vrees, onsekerheid en weerstand teen die verandering van die status quo leef, veral omdat hulle besef hoe hulle in terme van getalle 'n steeds kleiner deel van die bevolking word en geen sekuriteit het dat as die status quo verander, hulle voorregte, waardes en lewenspeil behoue sal kan bly nie. Dit is aan die ander kant begryplik dat daar by die Swart deel van ons gemeenskap 'n gevoel van frustrasie bestaan wat niks meer in die weg van die volledige realisering van hulle vryheid duld nie. Ons leef in 'n tyd waarin daar deur die hele wêreld 'n vryheidswind waai wat stormsterkte aanneem, en niemand sal dit kan verhinder om ook oor ons land heen te waai en as dit weerstande ontmoet, daardie weerstande uit die weg te probeer vee nie. 'n Beter resep vir geweld kan daar byna nie wees nie.

Net God kan ons in hierdie situasie help. Net God kan 'n wending bring in dinge waarvan ons meen dat dit onafwendbaar op 'n ramp afstuur. Die onlangse politieke ontwikkelinge in Oos-Europa is 'n voorbeeld van hoe die onverwagte kan intree. God kan ook in ons situasie die onverwagte laat gebeur, dat daar vrede kan kom waar alles vir ons lyk asof dit op geweld en botsing afstuur.

In hierdie situasie mag die kerk sy taak as voorbidder nie verwaarloos nie. Nie met mag en krag sal jy slaag nie, sê die Almagtige, maar deur my Gees (Sag 4:6). In dieselfde hoofstuk staan daar dat die dag van klein dingetjies nie verag moet word nie. Die kerk kan nie groot en wonderlike dinge doen nie. Dit lyk so min om te bid. Maar die kerk kan dit doen, en God kan dit gebruik. Wie bid, stel homself oop vir die node van die hele wêreld en van diegene vir wie hy bid. As ons kan leer om oor die klowe wat ons skei heen vir mekaar te bid, sal die gesindhede in hierdie land verander. Daarom is dit ook so noodsaaklik dat wit en swart saam moet

bid. Daarom is die pogings om die eenheid van die kerk te bevorder, so belangrik. Mense wat saam kan bid, kan mekaar goed genoeg leer ken om deernis met mekaar se lot en begrip vir mekaar se ideale te ontwikkel en die Here te vra om 'n weg van vrede aan hulle te wys. Voor Christene nie mekaar aanvaar en saam kan bid nie, is dit vir die kerk moeilik om werklik die sout en die lig vir ons land te wees.

4.2. Maar die kerk moet op die basis van sy absolute lojaliteit aan God en sy wet ook getuig. Die getuienis van die kerk kan so maklik eensydig en partydig wees. Daarvan weet ons in die NGK maar alte goed. Maar ons is nie die enigste wat so is nie. Nog onlangs is daar van die kant van die WRK erken dat hulle nie genoegsaam teen die gevaar van die kommunisme getuig het nie. Die Engelse kerk het nie sterk genoeg beswaar gemaak toe Afrikaner vroue en kinders in die konsentrasiekampe gestop is en daar gesterf het nie. Die Duitse kerke moes bely dat hulle nie betyds en genoeg teen die misdae van die nazisme getuig het nie. Dit is altyd moeilik vir die kerk om teen die eie vlees en bloed in te gaan, of om nie heimlik tog deur eiebelang beïnvloed te word nie. Maar ons het hierin geen keuse nie: Ons sal moet leer om teen alle vorme van onreg en kwaad te getuig, ook al sny dit in eie vlees.

As ons kyk na die voorbeeld van Jesus, dan sal ons merk dat Hy nie in die spanning tussen Jode en Romeine kant gekies het vir die Jode omdat Hy na die vlees uit hulle gebore is nie. Hy het die sondes van die Jode op die skerpste manier onbloot. Hy het deur sy voorbeeld ingegaan teen die gewoontes en gebruike van sy tyd deur met tollenaars en sondaars om te gaan, homself te vereenselwig met diegene wat in die samelewing verag is, ja selfs met die Samaritane wat deur die Jode gehaat en verag is. Maar dit het nie beteken dat Hy die sondes van die tollenaars en die straatvroue oor die hoof gesien het nie. Sy ontmoeting met hulle het tot bekering gelei. Die skerpte van die Bergrede sny na alle kante toe. Jesus het die moed gehad om die sonde teen te spreek, waar dit ook voorgekom het. En dit moet ons ook doen, dikwels onder misverstand en onbegrip deur andere, maar gedring deur die liefde van Christus.

Die kerk mag daarom nooit teen net een vorm van sonde getuig nie. Die liefdeloosheid, onreinheid, oneerlikheid en selfsug van die individuele mens moet oopgevlek word tot op die been, met die duidelike oproep tot berou en bekering. Maar daarnaas moet die kerk ook getuig teen maatskaplike sondes en volksondes, sondige strukture wat een deel van die bevolking bevoordeel en andere benadeel, en politieke sondes wat in stryd is met die wet van God. Spesifiek die NGK moet die moed hê om sy lidmate daarvan bewus te maak dat daar baie van hulle is wat die houding het waarteen die brief van Jakobus 2 so duidelik waarsku. Die Bybel verbied ons om teen medemense te diskrimineer, om mense na die uiterlike te

oordeel, spesifiek ook om onbarmhartig te wees. Dikwels is mense se oë vanweë die gewoontes binne hulle eie groep en die manier waarop hulle opgevoed word, eenvoudig blind daarvoor dat andere gekrenk word deur hulle hele houding en lewensuitkyk. Dit is die kerk se taak om hier ontmaskerend op te tree, omdat die kerk 'n heilige God dien (vgl Lev 19).

Apartheid as sisteem en as houding

Dit is vir my moeilik om te sê wat die spesifieke sondes is waarteen die kerk in die ander gemeenskappe in ons land moet getuig. Maar dit is ondenkbaar dat daar nie ook baie dinge is wat oneerlik, liefdeloos, selfsugtig, wreed en onrein is nie. Veral sal dit in hierdie tyd nodig wees om ook te getuig teen die groot element van geweldadigheid tussen swart groepe en stamme. Agter sommige gevalle van hierdie geweld sit wel ook politieke frustrasie, maar dit kan tog nog nie die kwaad regverdig nie.

Maar die kerk moet nie net op die sonde wys nie, maar ook op die genade van God wat daar vir almal is. Wat 'n wonderlike boodskap het die kerk in 'n tyd van frustrasie en vrees! Dit wys ons op God. En waar ons glo dat God in 'n situasie naby is, word daardie situasie al klaar anders. Dit is nie so dat ons uitgelewer is aan die spel van politieke kragte nie. Dit is nie so dat ons aan die noodlot oorgelewer is nie. God is daar, Hy hou die wag. Hy sal hierdie donker uur van verwarring ook vir ons laat verbygaan. Die kerk moet oproep tot hoop en vertroue op God en so die harte tot kalmte bring. Vrees en ontsteltenis is slegte raadgewers. Maar as ons glo dat Gods hand ons almal saam in hierdie land geplaas het, en dat Hy dit nie gedoen het om ons te vernietig nie, maar om ons aan mekaar te gee om mekaar op te bou, kan ons die situasie met veel meer nugterheid aanpak.

Dit is nie die taak van die kerk om politieke oplossings vir ons land aan die hand te doen nie, maar dit is sy taak om die perspektief op God oop te hou en daarom ernstig te getuig teen die neiging om met geweld sake te probeer oplos. Die kerk moet ons help om ons waardesisteem in orde te kry en om te besef dat ons ons nie deur die vlees moet laat beheers nie, maar deur die Gees. En wat die werke van die vlees en die vrug van die Gees is, is onverbeterlik uitgespel in Gal 5. Waar die Gees van God heers, daar is vrede en selfbeheersing, en daar kan ook die moeilikste probleme opgelos word.

4.3. Ten slotte moet die kerk vanuit hierdie posisie ook doen wat hy verkondig deur in sy eie bestaan sigbaar te maak dat hy gedra word deur liefde en ontferming. As ons na die voorbeeld van Jesus in die Evangelies kyk, dan word ons veral getref deur sy liefde, sy ontferming, sy jammerte vir almal wat ly en swaarkry. Die kerk moet dit ook doen. Dit is 'n wonderlike ding dat die NGK oor die eeue heen uitgegaan het in sendingwerk en die diens van barmhartigheid. Baie van die dinge wat die NGK ten goede gedoen het, is vergete en

word vandag misken vanweë die feit dat ons gesindhede so dikwels verkeerd is - altans dan die gesindhede van die Afrikaners as geheel genome. Maar die liefde wat daartoe gedring het, lê nog steeds in ons hart, net onder die oppervlakte, en wag om weer geaktiveer te word. Te dikwels was ons deur ons manier van doen die oorsaak van struikeling en verharding van ander mense. Ons moet in berou daaroor teruggaan en vra dat God ons moet verander.

Ongetwyfeld is daar in die Swart gemeenskappe nog veel meer goeie gesindhede en die bereidheid om ons uitgestoke hande te vat as wat ons dink. Dit kan net wees dat ons diep beskaam sal word as ons werklik die eerste tree van die liefde gee, om te merk dat hulle bereid is om te vergewe en ons te aanvaar as broeders en susters. As dit maar by ons so kan word dat ons, soos die apostel Paulus sê, nie elkeen net na sy eie belange omsien nie, maar ook na die van die ander (Fil 2), dan sal ons merk dat ons oor en weer beter vir mekaar se belange sorg as wanneer ons vir ons eie belange probeer sorg.

Die kerke moet na versoening soek en dit met alle kragte bevorder. Daarom is die eenheid van die kerk van soveel belang. Te dikwels redeneer mense teen die eenheid van die kerk met argumente wat heeltemal nie aan die saak van Gods koninkryk ontleen is nie, maar net aan die saak van hulle eie vooroordele. Ons sal ons hierin onder die tug van die Woord van God moet plaas. Ons sal moet soek na gestaltes van eenheid waarin dit moontlik is dat ons mekaar beter kan leer ken en verstaan, sodat ons vir mekaar lief en jammer kan word en mekaar se laste kan dra (Gal 6:2). Dit sal niks wegneem van ons eie identiteit, soos ons so dikwels vrees nie, maar ons eie identiteit in die regte verband tot sy ware betekenis laat kom.

5. En nou ten slotte: Wie is die kerk waaroor ons die hele tyd gepraat het? Dit is u en ek. Dit help nie om na die vergaderings van die kerk te kyk nie. Hulle is maar die organe van die werklike kerk, die lidmate. Hulle kan wel goeie besluite neem - en laat ons daarvoor bid dat hulle dit sal doen - maar dit beteken weinig as ons lidmate nie een en almal bereid is om hulle posisie in Christus in te neem en om die waardes van die koninkryk na te jaag en uit te leef nie. Daarom is konferensies soos hierdie so belangrik. Mag die vrug daarvan wees dat ons almal wat hier was, dit beter leer insien het, dat God van ons groot dinge vra in hierdie besondere tyd van die geskiedenis van ons land.

Niks kan die volle oorgawe van ons lewe aan die Heilige Gees vervang nie. Net 'n mens wat onder beheer van die Heilige Gees is, kan in die ware sin van die woord 'n vredemaker wees. Laat ons ons self tot beskikking van God stel om binne ons klein wêreld en invloedsfeer ware vredemakers ➡ wees!